higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 3

(11020323)

17 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

164Q1N2317

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VERVOERBEDRYF
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

hantering van bagasie; meerprodukpypleidings; nuttigheid; sabotasie; lisensie; nuttigheid van plek; kontrak; databasis vir voorafgoedgekeurde karweiers; vraghouerhyskraan; padvervoer; spoor; kraanstellasie; bagasie; sosiale aangeleenthede; aanwending; elektroniese verifikasie

1.1 ... is die veiligste, mees koste-effektiewe en doeltreffende manier om petroleumprodukte te vervoer.

1.2 ... bied buigsaamheid, gerief en koste-doeltreffendheid.

1.3 'n ... is 'n groot toestel wat op spore gemonteer is.

1.4 ... kan beskou word as die beskikbaarheid van goedere by 'n plek waar daar 'n vraag daarvoor is om in klante se behoeftes te voorsien.

1.5 Die suksesvolle uitvoering van vervoerprojekte, of dit gaan oor die vervoer van mense, vrag of kommoditeite, vereis dat kontrakte toegeken word aan vaardige kontrakteurs en hierdie inligting kan in ... verkry word.

1.6 ... verwys na die reg om vervoerdienste in 'n bepaalde gebied te bedryf.

1.7 ... verwys na die meeste van die uitdagings wat negatief op passasiervervoer inwerk.

1.8 Voertuig- ... wissel gewoonlik op sekere tye van die dag of tye van die jaar.

1.9 ... word oor die algemeen vir maritieme en lugvervoerkaartjies gebruik en dit word met validasietoerusting gedoen.

1.10 Passasiers mag hand- ... tot 'n maksimum gewig van 7 kg dra.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Beperk tot die beweging van passasiers wat vir ontspanningsdoeleindes reis	A	gryper
2.2	Staan wydsbeen oor die voertuig en posisioneer die arms om die ruilbak ('swap body') op te lig	B	sellulêre houer
2.3	Gaan oor toetsing, inspeksie, goedkeuring en onderhoud van vraghouers	C	vragkarweiers
2.4	Het 'n groot invloed op 'n maatskappy se bedryfsdoeltreffendheid, begroting, bemarking en beplanning	D	maritieme vervoer
2.5	Koste wat nie direk met vervoervoertuie verband hou nie, maar wat koste vir algemene bestuur insluit	E	gemenereg
2.6	Dit sluit die vryheid in om deur die land te reis om by 'n ander bestemming uit te kom	F	mark en besigheidsfaktore
2.7	Eise vir skade deur 'n passasier wat beseer is terwyl hy/sy in die versekerde voertuig of onder die bestuurder of operateur se beheer was	G	vaste koste
2.8	Bepaal diens en veiligheidstandaarde	H	deurvervoervisums
2.9	Word met valideringstoerusting gedoen	I	wetgewing aangaande seeveiligheid
2.10	Sluit 'n groot verskeidenheid items in	J	padvervoer
		K	bokoste
		L	deurvervoervoorregte
		M	regulering van monopolieë
		N	lugvervoerkaartjies
		O	gevaarlike passasier-items
		P	spoorkaartjie

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 20

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

PENSKE DCC SOLUTION VERBETER SPOED VAN AFLEWERING EN VARSHEID

Die vervoer van voedselitems vereis spesiale sorg en kundigheid

Pluimveeprodusente moet 'n komplekse verskeidenheid uitdagings ten opsigte van aanbod en lewering hanteer om te verseker dat die voedsel vars, gesond en betyds aankom. Wanneer pluimveeprodukte vervoer word, moet drywers nougeset voldoen aan die Food Safety Modernization Act (FSMA). Drywers moet goed opgelei wees in voedselveiligheid en moet voldoen aan kundige hantering van materiaal en berging. Die korrekte temperatuur in die koeltrok of verkoelde sleepwa moet deur die rit gehandhaaf en gemonitor word.

Gegewe die nodigheid van hoogs opgeleide drywers, goed onderhoude koeltrokke en -sleepwaens en deurlopende monitering van die temperatuur, verander sommige produsente die vervoer van hul produkte vanaf 'n interne model na 'n uitgekontrakteerde vervoermodel deur derdepartye-logistiekverskaffers soos Penske Logistics wat sogenaamde toegewyde kontrakvervoer verskaf ('dedicated contract carriage (DCC')) te gebruik.

Penske Logistics werk met toonaangewende pluimveeprodusente en hanteer vervoer na en van tot sewe verwerkingsaanlegte, asook 'n groter aantal aanlegte wat sny- en knipverwerking doen. Die verskaffer werk 24/7 om te verseker dat hul klante die varsste pluimveeprodukte moontlik ontvang. Die pluimveeverskaffer het 'n vennoot nodig gehad wat betroubaar en veelsydig is en in staat was om tydsensitiewe aflewerings te hanteer en om aan FSMA-vereistes van voedselveiligheid en gehalte te voldoen.

As 'n ervare logistiek- en aanbodkettingvennoot met dekadelange ervaring in die voedselbedryf, is Penske in staat om die produktiwiteit van die voedselketting te verbeter deur die nuutste tegnologie te gebruik om te help om daaglikse prosesse beter te beplan. Met pendel- en padvervoerbedrywighede, 'n groot reeks voertuie, wat trekkers en sleepwaens insluit, asook onderhoudspeuring van toerusting, was Penske in staat om die pluimveeverskaffer vinnig aan die gang te kry sodra hulle besluit het om die vervoerbedryf uit te kontrakteer. In die breë toon die pluimveeverskaffer nou 'n besparing van 8% in die totale begroting en 'n vermindering van 15% in die verandering van drywers.

Om aan die vereistes te voldoen, het Penske doeltreffende padvervoerroetes gevestig en het meer rustye geïmplementeer. Penske bied ook 'n bykomende diens wat waarde toevoeg deur een keer per maand 'n bykomende drywer toe te ken om nuwe protokol deur te voer wat ontwerp is om aan die riglyne van voedselintegriteit en -varsheid te voldoen. Die ekstra drywer verskaf bykomende mensehulpbronne om die integriteit van die sleepwaens te verseker en om seker te maak dat die voedseldiens gereed is.

Begrip van die belang van voorbereiding van aflewerings

Om vir die aflewering van kruideniersware voor te berei, moet Penske arbeid skeduleer om te verseker dat personeel beskikbaar is om items op en af te laai en op die

winkelrakke te pak. Gevolglik is aflewering wat betyds is, kritiek. Penske help kruidenierswinkels om aflewerings te ontvang deur innoverende geo-omheiningstegnologie te gebruik waarmee die aanboordrekenaar in 'n vragmotor 'n kort e-poswaarskuwing aan die winkel stuur wanneer die vragmotor binne 'n sekere afstand van die winkel af is. Opvolgwaarskuwings word ook na die winkelpersoneel gestuur sodat hulle vir die aflewering gereed kan maak.

Penske het ook 'n mobiele toepassing ontwikkel om reële-tyd-sigbaarheid van deurlopende besendings te bied. Met hierdie toep is die klant in staat om 'n kaart te besigtig wat die huidige liggings van hul voertuie vertoon en sodoende bestuursprosesse en tegnologie verbeter, kommunikasie en werfbeheer verbeter en kruideniers is meer tevrede oor die tydige aflewering van goedere van goeie gehalte.

[Bron: Aangepas uit: *www.penskelogistics.com*]

3.1	Noem en verduidelik die vervoermodus wat gebruik kan word om pluimveeprodukte af te lewer.		(3)
3.2	Verduidelik kortliks DRIE modusopsies wat Penske kan gebruik.	(3 × 2)	(6)
3.3	Noem DRIE meersoortige padvervoervoertuie wat by die reeks voertuie en sleepwaens wat Penske DCC gebruik, bygevoeg kan word.	(3 × 2)	(6)
3.4	Gee DRIE voordele van eenheidsvragte ('unitised loads').		(3)
3.5	Noem en beskryf DRIE meersoortige ('intermodal') hanteringtoerusting.	(3 × 2)	(6)
			[24]

VRAAG 4

4.1	Noem en verduidelik DRIE vereistes vir roetebepaling.	(3 × 2)	(6)
4.2	Gee kortliks aan Penske raad oor die spanning wat hoenders ervaar wanneer hulle vervoer word.		(4)
4.3	Noem VYF elektroniese verkrygingstelsels wat by geo-omheingingstegnologie bygevoeg kan word.	(5 × 2)	(10)
4.4	Noem VIER faktore wat vervoerkoste beïnvloed.		(4)
4.5	Gee EEN kriterium vir die voorafkwalifisering van 'n karweier.		(1)
			[25]

VRAAG 5

5.1	Bespreek, met voorbeelde, VIER invloede wat opeenhoping op passasiervervoer het.		(4)
5.2	Onderskei tussen *privaat*- en *openbare vervoer*.	(2 + 2)	(4)
5.3	Gee kortliks VIER algemene riglyne vir die hantering van kontant.	(4 × 2)	(8)
5.4	Noem VIER prosedures vir die hantering van kaartjies wat verstryk het.		(4)
5.5	Verduidelik VYF algemene veiligheidsmaatreëls ten opsigte van vervoer wat Penske moet oorweeg.	(5 × 2)	(10)
5.6	Gee EEN voorbeeld van privaatvervoer.		(1)
			[31]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou